Prof Russel Botman is US se nuwe Rektor

"Ek is opgewonde en dankbaar oor die aanstelling. Dis 'n bekroning van my lewensroeping. Ek voel hierdeur bemagtig om 'n nog groter bydrae te lewer tot kennisontginning, eenheid en geregtigheid in ons land. Dit gaan 'n voorreg wees om die US in die volgende fase te lei."

So het prof Botman gesê toe hy die nuus hoor dat hy as Rektor van die Universiteit Stellenbosch (US) aangestel is.

Prof Botman (53) het die grade BA, BTh, BTh Lisensiaat, MTh (cum laude) en DTh by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) verwerf. Gedurende die 1980's en 1990's het hy as Leraar en Assessor van die destydse NG Sendingkerk gedien. In 1994 word hy Senior Lektor in Praktiese Teologie in die Fakulteit Godsdiens en Teologie by UWK. In 1999 is hy aangestel as Medeprofessor en later as Dekaan van die Fakulteit.

Hy het in 2000 by die US as professor by die Departement Praktiese Teologie en Missiologie aangesluit en vir twee jaar hierdie pos gevul. Toe is hy aangestel as Viserektor (Onderrig). Hy het by verskeie geleenthede as Waarnemende Rektor opgetree in die afwesigheid van die huidige Rektor, prof Chris Brink.

Hy dien as Lid van verskeie organisasies waaronder die Internasionale Akademie van Praktiese Teologie. In 1989 het hy 'n spesiale toekenning as kampvegter vir geregtigheid en menslikheid van die Stadsraad van Milwaukee in die VSA gekry. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Teologiese Vereniging van Suider-Afrika, die stigter en senior adviseur van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, was voormalige Voorsitter van die Hoër Onderwys Gehalteoudit-span vir die Universiteit van Witwatersrand in 2006, is 'n nie-Uitvoerende Direkteur van Media 24 en Voorsitter van die Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees.

Hy is internasionaal bekend as teoloog, het die World Alliance of Reformed Churches oor verskeie temas geadviseer en het al 24 hoofstukke bygedra tot boekpublikasies en verskeie groot publikasies. Hy het 14 artikels in teologiese akademiese tydskrifte gepubliseer en ook verskeie bydraes gemaak tot populêre vaktydskrifte. Hy is tans President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

• *In die volgende uitgawe van Matieland vertel ons meer oor prof Botman en sy visie vir die Universiteit. Ook groet ons vir prof Chris Brink, wat 'n pos as Visekanselier van die Universiteit van Newcastle in Engeland aanvaar het.*